### *Gesprek tussen Julius en die fariseërs oor JaHshua*

**6** (***Vervolg***) [8] **Julius** sê: "Wie ken dan ook die doel en die krag van Elohim se Gees en die mate waarin Sy Haarself effektief sal verbind met die gees van `n mens?! Is dit nie moontlik dat die Almagtige Gees van Elohim Haar met Haar hele Mag verbind het met `n mense-gees en op dié wyse dinge doen wat `n gewone mens natuurlik nooit kan doen nie, omdat hy geen Elohim is nie?!

[9] Maar as Elohim Self deur die onnoemlik versterkte gees van `n daarvoor uitgelese mens praat, handel en werksaam is, moet daar vir ons swakke sterflinge natuurlik wel buitengewone wonders aan die dag kom. Woord en daad is één - ons kan nóg die een nóg die ander naboots, want ons is met ons liggaam en ons beperkte gees slegs mense. Hý is egter met Sy liggaam `n mens soos ons, maar met Sy gees `n God van die hoogste orde en Hy heers oor die hele oneindigheid!

[10] Omdat egter - dit wil sê volgens ons Romeins-teosofiese begrippe - die erkende suiwer goddelike, hoe en waar Hy Homself ook maar bevind, vereer en aanbid moet word, is dit ook híer duidelik wat ons moet doen. Ons moet hierdie Mens, deur Wie die totale, Almagtige Gees van Elohim sigbaar en tasbaar werksaam is, heel anders behandel as wat ons onderling aan mekaar gewoond is; dit sal vir julle tog sekerlik volkome duidelik wees!?

[11] En daaruit kan julle dan wel uitmaak waarom ons, hooggeplaaste Romeine, Hom uit die diepste van ons harte die hoogste moontlike verering, liefde en agting bewys en Hom volkome erken en roem as Majesteit van die hele wêreld. - Sê eers vir my of dit nie vir julle noodsaaklik en volkome verstaanbaar is nie!"

[12] **Die jong fariseër** sê: "O ja, ongetwyfeld; want in baie opsigte beval u teosofie ons baie goed en is dit hier in hierdie omstandighede ook volkome in plek. Maar dit is natuurlik wel so dat dit volgens die oorspronklike leer van Moses sekerlik nie goed en in die haak sou wees om aan te neem nie. Daar staan naamlik baie streng en nadruklik: 'Ek alleen is JaHWeH en jy sal geen vreemde gode naas My hê nie!"

[13] **Julius** sê: "Baie waar, maar `n mens moet Moses ook nie woordeliks nie, maar veeleer met die regte begrip in homself opneem. Dan sal `n mens baie gou en sonder veel moeite ontdek dat ek eintlik gladnie in teenspraak met die streng leer van Moses is nie, as ek nou die volgende grondreël sou opstel: Die mens moet elke uitspraak - vooropgestel dat dit van dieselfde goddelike Gees afkomstig is as dié wat met Moses gepraat het – ook altyd as sodanig erken en buitengewoon vereer. Daarom bewys die Egiptenare, Grieke en ons Romeine, hoewel tans in `n soort blinde bygeloof wat te ver gegaan het, aan alle mense en skepsels waarby `n besondere, ongewone krag en werking ontdek word, goddelike verering.

[14] Wel, nou dink ons: Vir die reine is alles rein! As die ietwat bygelowige mensdom deur hulle verering van die goddelike in die vorm van allerlei maaksels maar net nie sleg sal word nie en dan die vertoornde gode te wil sus met gruwelike mense-offers nie, kan ons hulle vrome bygeloof sekerlik nie as `n growwe, geestelike gebrek toereken nie. Jammerlik genoeg word hulle byna altyd deur die honger en die altyd groeiende heers- en hebsug van die priesters daartoe verlei. Want na my mening is dit uiteindelik altyd nog beter as die mens in iets glo waar daar tog `n goeie rede voor bestaan, as wat hy in glad niks glo nie en homself op dié manier verlaag tot `n dier, wat ook geen geloof of bygeloof kan hê nie.

[15] `n Mens, wat heeltemal geen geloof wil en kan aanneem nie, kan ook nooit enige egte verstandelike ontwikkeling bereik nie. Want wie `n huis wil bou, moet eers sorg vir die nodige boumateriaal. Hoe kan iemand maar selfs `n eenvoudige vissershut bou sonder enige materiaal? Ook al is die ruwe materiaal aanvanklik ongeordend, dan kan orde tog gou geskep word sodra daar materiaal is; maar as daar glad geen materiaal is nie, dan is daar ook niks om te orden nie.

[16] Daarom sê ek altyd dat bygeloof vir die mens meer nuttiger is as glad geen geloof nie; want uiteindelik is strooi ook beter as heeltemal niks nie! Van strooi kan jy nog iets maak; maar van niks kan nooit iets anders as niks gemaak word nie. Vir hierdie rede duld die Romeine ook die dikwels baie groot bygeloof van julle volk, omdat ons nog altyd `n bepaalde nut vir die mensdom daarin sien.

[17] Maar die eintlike tempeldienaars is vir ons `n gruwel, omdat ons verseker weet dat hulle heeltemal in niks glo nie en daarom vir die volk in plaas van die waarheid, die mees sinnelose sake as goddelik aanprys. Hulle lê selfs die ondraaglikste strawwe op aan die mense wat deur hul natuurlike intelligensie, ondanks alle morele dwang, tog nie kan glo dat skoonheid afstootlik is, die son swart in pleks van wit lig gee, en dat in die rivier Kidron bloed vloei nie! Dit vind ek uitermatig skandelik en sleg, maar die een of ander persoonlike menslike bygeloof absoluut nie!

[18] Ja, as `n mens in staat is en `n goeie geleentheid het om die blinde mens op die regte wyse voorligting te gee, dan is dit sekerlik van onskatbare waarde, maar solank `n mens dit nie kan doen nie,

moet `n mens die volk sy vrome opvatting laat behou! Want as `n mens die volk niks beter kan gee nie, moet `n mens hulle minstens dit wat hulle het, laat behou!"

### *Die geloofsdwang van die tempel*

**7** **Die fariseër** sê: "Hoë gebieder, alles wat u sê, is so oortuigend goed en waar dat ons niks anders kan sê as dat elke mens met `n bietjie gees, deur vir één uur met u te verkeer, sigbaar meer vir sy hoof en vir sy hart sou wen as wanneer hy vir `n honderd jaar lank die domhede van die tempel sou aanhoor, wat uit niks anders as leë krete bestaan nie.

[2] Daar word wel baie geklets en nog meer geblêr, maar dit is net so sinvol as wat `n mens vir iemand sou sê: 'Vriend, was my hande en voete, maar pasop dat jy dit glad nie nat maak nie!' - En by die lesse wat in die tempel aan ons gegee word, word uitdruklik geëis dat `n mens dit baie aandagtig aanhoor en doen wat daarin gesê word. Maar waarom dit gedoen moet word, en watter betekenis agter die gegewe les skuil, daarmee mag niemand hom mee besighou nie - want dit is geheime van Elohim waar niemand, behalwe die hoëpriester slegs onder die seël van strenge geheimhouding, iets van naderby mag weet nie.

[3] Watter nut het die mens van `n leer waarvan hy die teks kan aanhoor, selfs moet aanhoor, maar waarvan hy maar nooit net één lettergreep mag verstaan nie?! As jy van so `n leer niks hoor nie, is jy net so ver weg!

[4] By God! As `n mens die godsdienstige sake van die mense eers goed bekyk, kom `n mens dikwels op dinge af wat elke volstruis te swaar op die maag sou lê! Want al is die mens meestal in hul ander doen en late bepaald nie so dom en duister soos `n maanlose, swaarbewolkte herfsnag nie, tog is hulle dit beslis honderdvoudig in hul godsdienste! Hulle heg óf dikwels geloof aan alle soorte boerebedrog sodat selfs `n hond daaraan sou walg - laat staan `n eerlike mens - óf hulle glo glad niks nie.

[5] O meester en gebieder, U kan U nie voorstel hoe dit baiekeer swaar op my gemoed was wanneer ek op hierdie manier aan die mense iets as goed en waar moes voorhou, wat na my vaste oortuiging `n groot leuen was nie. Ek kon myself dikwels van pure ergernis byna verwurg. Maar wat help dit? As die os eenmaal die juk dra, moet hy trek - of dit nou maklik of swaar gaan - anders val daar slae in oorvloed! Tydens my toesprake het ek dikwels stilletjies gedink: 'Wie van ons is nou die beklaenswaardigste os; ek, die prediker, of diegene vir wie ek preek?' En ek kon my nooit van die gedagte onttrek dat ek tog maar altyd die grootste en, eintlik noodgedwonge, die domste os was nie! Want my toehoorder kon, as hy `n verstandige mens was, my na hartelus agteraf uitlag en hom in die geselskap van sy vriende oor my verlekker; maar ek mog dit, in elk geval in die tempel, op straf van die vervloekte water na, nie doen nie.

[6] Daarom, hoë gebieder, sê ek: Weg uit ons midde met alles wat in alle erns suiwer van die duiwel is! Van nou af aan word ons werklik verstandige mense en sal in ewigheid aan geen enkele menslike domheid meer saamwerk nie, want dit is iets ontsettend om dienaar te wees van die domheid van die mense! Van nou af aan die wapens en die gesonde verstand! Alle ander hoort tussen die horings van die ou sondebok, wat mens met die vuur van regverdige ergernis moet doodmaak en verbrand. - Maar nou oor iets anders!

[7] Hoë gebieder, weet u miskien wat hierdie goeie menslike Elohim egter sou wou hê, sou Hy ons vir `n kort tydperk van enkele dae by Sy leerlinge wil opneem? Want van Hom sou ons in die kortste moontlike tyd besonder baie kan leer! Dink u dat ons dit sonder enige gevaar vir Hom sou kon vra?"

[8] **Julius** sê: "Ongetwyfeld, maar ek weet ook baie goed dat Hy nooit enige stoflike loon aanneem nie, maar altyd slegs `n suiwer geestelike! O, Hy het ook nooit enige geld by Hom nie, en bly tog nooit iemand iets skuldig nie! Wie iets vir hom doen, vergeld Hy duisendvoudig op `n ander wyse. Want Sy Woord en Sy Wil is meer werd as die hele wêreld. Meer hoef julle nie te weet nie en julle kan nou doen wat julle wil!"

[9] **Die jong fariseër** sê: "Dit verheug ons, en u, hoë gebieder, baie dankie vir die lig wat u in ons hart laat skyn het, want nou weet ek verseker wat ons almal te doen staan en wat ons in `n sekere sin moet doen! Nou sal ons onsself dadelik in alle opregtheid na Hom wend en wat Hy sal sê, dit sal ons ook doen!"